# Afrikaans

# Week 5 Dag 1

## Graad 7

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Taalfokus 1: Voorsetsels

As woordsoort dui dit die verhouding tussen naamwoorde aan.

Kyk weer na Teks 2 op p.90 se 1ste 2 Versreëls en wat neem jy waar?
aan die voet
van Hlomisa

- aan en van is Voorsetels, want hulle het ‘n verhouding met voet en Hlomisa

Waar kruip die Voorsetsel in hierdie sin weg?   Die seun sit op die stoel.

- As jy op gesê het dan is jy reg.

Maak weer ‘n keuse:  Hulle gaan (na/met) alle waarskynlikheid vanaand fliek toe.

- As jy na gekies het, is jy reg.

In vaste uitdrukkings met voorsetsels kan jy nie die woordkeuse verander nie. Voorbeeld:
Die insameling is ten bate van die skool.

Onthou: Voorsetsels as woordsoort het nie betekenis as hulle op hul eie staan nie. Daar moet ‘n verhouding met ander woorde of sin wees.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# OEFEN TAAL p.91

LAERSKOOL MIKRO

## Taalfokus 2 Telwoorde

Telwoorde as woordsoort kan ‘n Bepaalde of Onbepaalde funksie inneem.

Altwee hierbo kan of as ‘n HOOFTELWOORD of as ‘n RANGTELWOORD uitgebeeld word.

Bepaalde hooftelwoorde: drie weke
Onbepaalde hooftelwoorde: talle toeskouers of min woorde of baie tekkies

Bepaalde rangtelwoorde: sewentigste wedstryd
Onbepaalde rangtelwoorde: hoeveelste keer of die laaste maal

Onthou as woordsoortlike funksie kan dit enige 4 wees wat jy moet benoem.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

## Taalfokus 1en 2
## (P.91 Nr. 1 en 2)

LAERSKOOL MIKRO

**Voeg die korrekte voorsetsel in(skryf volle sin neer)**

1a) Die seun sit _____ sy bene ______ onder die tafel.
b) Hy is goed _____ Wiskunde en daarom werk hy ekstra hard _____ sy huiswerk.
c) My ma was _____ langs die rugbyveld met ons eerste wedstryd.

**Skryf die telwoorde in elke sin neer en sê watter soort telwoord dit is.**

2a) Ons is tien in ons gesin: my ouers, ek, my twee tweelingsussies – die middelste twee – my boetie, een hond en drie visse.
b) Dit is 'n skande dat sommige mense nie sewe dae per week met hul honde gaan stap nie!
c) Min mense besef dat oefening die eerste vereiste vir 'n gelukkige hond is.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Doen ook die volgende oefeninge vir verryking :

LAERSKOOL MIKRO

**REMEDIËRING**

1. Skryf die sinne oor en verbeter die spelling. Onderstreep die woord wat jy verbeter.
   a) Die drie Marais' en die vier Prinsloo's gaan almal na die Le Roux's se partytjie.
   b) Sy woon in Suid Oos Asië en haar suster in Nieu Seeland.
   c) Ons het twee 10-kg sakke-aartappels gekoop en vier 2 liter-bottels Coke
   d) Die kinders het tweederdes van die koek opgeëet terwyl hulle vir hul ouma's en ou
   e) Die klein Zulutjies het lekker gesmul aan die stuk sjokolade en karamel koek.
2. Kies die korrekte voorsetsel tussen hakies.
   a) Ons probeer nog (by/agter) die waarheid kom, want ons wil weet wat gebeur het.
   b) Die vrou is dood (van/aan) 'n ongeneeslike siekte.
   c) Hulle gaan (na/met) alle waarskynlikheid vanaand fliek toe.
   d) Hulle het baie min geld en lewe van die hand (na/in) die tand
   e) Charl bly (by/met) sy ma in Bloemfontein.

**VERRYKING**

1. Gee die idiomatiese uitdrukking waarin die woorde tussen hakies voorkom. Skryf die sinne
   a) Plesier is van korte duur (lekker).
   b) Pa het 'n einde daaraan gemaak (stokkie).
   c) Hy kies nie party vir die een of ander kant nie (stoele).
   d) Hy het met sy hele liggaam in die water geval (pootjies).
   e) Hy het vergeefs probeer om die geheim uit te vind (visvang).
   f) Die kind gedra hom altyd op sy beste as sy pa daar is. (voetjie).
   g) Na groot blydskap volg droefheid (vrolikheid).
   h) Ek skik nie maklik nie (koue).

Laerskool Mikro Kopiereg ©